PORTRETTE WAT PRAAT:
Gereformeerde "konsistorie-kuns" as *locus theologicus*?

Cas Wepener
Johan Cilliers
Universiteit van Stellenbosch

1. INLEIDING[1]

Een van die afgesaagste opmerkings ten opsigte van die liturgie van die Reformatoriese kerke, is die bewering dat die Reformasie die baba met die badwater uitgegooi het. Daarmee word dan gewoonlik die soberheid, beeldloosheid en erg kognitiewe aard van, vir die doeleindes van hierdie skrywe, die gereformeerde liturgie en spiritualiteit bedoel. Presies wat ons Reformatoriese vaders (en moeders) gedoen het, en waarom dit gedoen is, kan alleen verstaan word vanuit hul sestiende eeuse konteks. Daarom is 'n lukraake veroordeling van hulle aksies bykans vyfhonderd jaar later, sonder 'n grondige histories-kontekstuele analise van hulle optrede, bloot onverantwoordbaar. En volgens Lukken mag leeruitsprake van die kerk net hanteer word binne die konkrete geloofsituasie waarin hulle geformuleer is[2].

Hierdie artikel fokus op die krag van, asook die behoefte aan, die visuele binne die liturgie, gesien vanuit die ikonoklasme tydens die Reformasie. In hierdie verband merk David Power op, "The history of religious devotion makes us appreciate Calvin's demurrals all too well. On the other hand, stripping down churches so that the celebration can take place with total attention on word and action deprives a congregation of one medium of entering the mystery"[3]. Laasgenoemde opmerking belig die feit dat die aksies van die Reformatore twee kante gehad het goed, asook die feit dat beide ouditiewe én visuele media gebruik kan word vir kommunikasie in die liturgie.

[1] Dank aan prof.dr. Paul Post van die Universiteit van Tilburg vir kommentaar op 'n vroeëre weergawe van hierdie artikel.
[2] Vergelyk, Lukken, G. 1974. "De liturgie als onvervangbare vindplaats voor de theologie". In: Berger H.H. *et al* (reds.). *Tussentijds. Theologische Faculteit Tilburg. Bundel opstellen bij gelegenheid van haar erkenning.* Tilburg: Hart van Brabant Uitgeverij, p. 321.
[3] Power, D.N. 1999. *Sacrament, The Language of God's Giving.* New York: The Crossroad Publishing Company, p. 190.

In hierdie ondersoek sal daar nie 'n histories-kontekstuele analise ten opsigte van ikonoklasme tydens die Reformasie[4] gedoen word nie, maar eerder gekyk word na latere ontwikkelings vanweë gebeure tydens die Reformasie. Daarmee word bedoel dat daar soms (onbewustelik) met verloop van tyd, 'n kompensasie plaasgevind het vir dít wat ingeboet is in die proses van hervorming. Dit behels aspekte[5] wat vir mense belangrik was in hulle godsdiensbeoefening, maar wat verskraal is vanweë die noodsaak vir 'n radikale ommekeer van die *status quo*.

Vervolgens sal in hierdie artikel gekyk word na een voorbeeld van so 'n kompensasie, naamlik op die terrein van Christelike kuns, spesifieke die dominee- en teoloog-portrette wat in konsistories en ander gereformeerde *loca sancta* in Suid-Afrika voorkom. Volgens Dingemans[6] ontstaan teologie op die kruispunt van tradisie en konteks. Gevolglik sal 'n verkenning soos hierdie as 'n tipe stimulus kan dien vir nadenke oor dit wat in ons gereformeerde tradisie bestaan. 'n Analise en interpretasie van hierdie foto's spreek boekdele oor die teologie en kultuur waarin so 'n foto gemaak is. Só 'n blootlegging van vanselfsprekende, asook minder vanselfsprekende informasie sal die een oogmerk van hierdie artikel wees.

Die ander oogmerk is om deur middel van hierdie portrette die behoefte wat daar by mense is as *homo religiosus* in 'n sekere konteks is aan te toon. Binne ons gereformeerde tradisie sal ons dan kan kyk of daar nie vandag soortgelyke behoeftes by lidmate bestaan nie, en gevolglik dan ook kyk op watter wyse hierdie behoefte(s) aangespreek of veroordeel kan word (inkulturasie). Daarom sal die noodsaak van aandag aan liggaamlikheid binne die liturgie, die verband tussen teologie en kuns, asook die betekenis van liturgiese inkulturasie belig word. Deurgaans sal van foto's as

[4] Vir meer aangaande hierdie geskiedenis sien onder andere, Dijkstra, K. 1982. *Christelijke symbooltaal.* Baarn: Bosch en Keuning nv., meeste kerkhistoriese werke, asook, Wepener, C.J. 1998. *Simbool en idool. 'n Ondersoek na die begrippe simbool en idool en die waarde van fisiese simbole in die gereformeerde liturgie in 'n postmoderne samelewing.* BD-skripsie: Universiteit van Stellenbosch.

[5] So byvoorbeeld het Johannes Calvyn hom beywer vir ‘n weeklikse viering van die nagmaal en nog in 1561 opgemerk dat vier maal per jaar te weinig en ‘n misstand is. Wegman, H.A.J. 1991. *Riten en mythen. Liturgie in de geschiedenis van de christendom*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok, p. 331. Vergelyk hier ook, Wepener, C.J. 2002a. "Nagmaal in die NG Kerk - russen tradisie en vernuwing. Dele 1 & 2". *NGTT* 43 3 & 4, en, Burger, C.W. 2002. "Nagmaal in die NG Kerk - tussen tradisie en vernuwing. Deel 3". *NGTT* 43 3 & 4. Ander opvallende voorbeelde is die afwesigheid van simboliek en kuns soos gebrandskilderde vensters, wierook, olies en kerse, asook die afskaffing van die privaatbieg.

[6] Dingemans, G.D.J. 1996. *Manieren van doen.* Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok, p. 49.

para-liturgiese bron gebruik gemaak word, en sal hierdie bron 'oopgemaak' word met behulp van die insigte van (veral) Roland Barthes[7].

2. LIGGAAMLIKHEID

Die gedagte dat die mens nie net 'n liggaam het nie, maar ook 'n liggaam is, bestaan al vir 'n geruime tyd. Gevolglik wys al meer wetenskaplikes, onder andere Gerard Lukken[8], op die belangrikheid van liggaamlikheid binne die liturgie, en die gevaar van 'n skeiding van die mens in die kategorieë liggaam en siel. Teen hierdie agtergrond maak Scheer in sy verkenning van die terrein van liturgie en liggaamlikheid dan ook die opmerking dat, "De manifeste aanwezigheid van de kunsten is te verstaan als een compensatie voor de lichamelijke bouwvalligheid"[9]. Wanneer daar van liggaamlikheid gepraat word, dan word die mens se hele liggaam bedoel wat al vyf sintuie insluit.

Desnieteenstaande is die gereformeerde godsdiens en liturgie tradisioneel 'n meer lerende, kognitiewe aangeleentheid met meer klem op ouditiewe kommunikasie[10]. 'n Ontwikkeling wat verstaanbaar en verantwoordbaar is vanuit die Reformatoriese *sola Scriptura,* asook die onlosmaaklike verbondenheid van Woord en Gees. Desnieteenstaande kan 'Woord' breër verstaan word as slegs die gesproke en geskrewe Woord. "The Reformatory saying *Praedicatio verbi Dei est verbum Dei* is still mainly and exclusively interpreted as the preaching being an auditory medium, and

---

[7] Vergelyk, Barthes, R. 1980. *Camera Lucida. Reflections on Photography.* Vertaal in Engels deur Richard Howard. New York: Hill and Wang.

[8] Lukken, G. 1990. *Liturgie en Zintuiglijkheid, over de betekenis van de lichamelijkheid in de liturgie.* Hilversum: Gooi & Sticht. Al so vroeg soos 1949 merk Gerardus van der Leeuw op dat 'n mens nie 'n liggaam het nie, maar 'n liggaam is, Van der Leeuw, G. 1949. *Sacramentstheologie*. Nijkerk: Callenbach, p. 9. In sy mees resente werk merk Lukken ook op dat in ons kultuur (Europese) die beeld, die visuele oorheers, Lukken, G. 1999. *Rituelen in overvloed. Een kritische bezinning op de plaats en de gestalte van het christelijke ritueel in onze cultuur.* Baarn: Gooi & Sticht. Met betrekking tot die krag van die visuele in die kommunikasie van die Evangelie, vergelyk ook hoofstuk 6 "Seeing Is Believing: The Force of the Visual" van, Power, D.N. 1999.

[9] Scheer, T. 1996. " 'Uw lichamen zijn ledematen van Christus' (1 Korintiërs 6, 15) – Gedachten over het lichaam als plaats van rituele interactie". In: Mulder, A. en T. Scheer (reds.). *Natuurlijke liturgie.* (=Liturgie in perspectief 6). Baarn: Gooi & Sticht, p. 8 – 28.

[10] So wys Barnard, M. en C.J.A. Vos. 2001. "'n Besinning oor die liturgie. Teorievorming, ondersoek en praktykvorming". *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16/2, p. 25, byvoorbeeld daarop dat die Nederlandse liturgiese tradisie tradisioneel meer 'n lerende vorm van maaltydviering gehad het, en De Gruchy huldig 'n soortgelyke opinie met betrekking tot die gereformeerde kerke in Suid-Afika, De Gruchy, J. 2001. "The Future of the Reformed Churches in South Africa. Some Random Notes and Reflections". *Scriptura* 76, 49.

something like *See/ Smell/ Feel/ Taste verbi Dei est (also) verbum Dei*, is largely downplayed."[11]

Hierdie situasie, te wete 'n erg serebrale, kognitiewe en ook ouditiewe liturgie, doen sigself in die een-en-twintigste eeu voor, 'n era wat deur verskeie wetenskaplikes[12] as die tydperk van visuele kommunikasie beskou word. Hierdie leemte ten opsigte van die visuele as kommunikasie medium in die liturgie word alreeds op verlerlei wyses aangespreek[13], maar daar is nog heelwat ruimte vir verbetering. Wat hier dus nodig is, is liturgiese inkulturasie. Voordat ons daarby stilstaan, moet ons egter eers let die prinsipiële verband tussen kuns (waaronder ook die portrette-kuns wat in hierdie artikel te siene is) en teologie.

3. KUNS AS *LOCUS THEOLOGICUS*

3.1 Die analogie tussen kuns en teologie

Talle teoloë en kunstenaars, en teoloë-kunstenaars, het al op die wesenlike verbande tussen kuns en teologie gewys.[14] In beide – indien dit ten minste "goeie" teologie en kuns is - tref ons byvoorbeeld die verskynsel van *kreatiewe verbeelding* aan, dit wil sê die uitgesproke of onuitgesproke bedoeling om iets van die transendente op 'n *innoverende wyse* waar te neem en uit te druk of uit te beeld. Thiessen wys op talle kunstenaars se merkwaardige, inherente *"awareness of the intimate relationship between religion/theology and art due to the revelatory dimensions and the power of the imagination in both."* (1999:9) In beide is daar die intensie om alledaagse, dikwels verskriklike realiteite, maar ook dieperliggende ("ultimate") realiteite in die oë te kyk en aan die lig te bring, gekoppel met die skepping, herskepping en benutting

[11] Wepener, C.J. 2002b. "The object and aim of multidisciplinary liturgical research." *Scriptura*

[12] Vergelyk onder andere, Babin, P. 1991. *The New Era in Religious Communication*. Minneapolis: Fortress Press, Cilliers, J.H. 2002. "Prediking as ver-beelding: moontlikhede vir eietydse verkondiging" waar hy praat van 'n "kultuur van beelde", asook Lukken wat in sy mees resente werk opmerk dat in ons kultuur (Europese) die beeld, die visuele oorheers, Lukken, G. 1999. *Rituelen in overvloed. Een kritische bezinning op de plaats en de gestalte van het christelijke ritueel in onze cultuur.* Baarn: Gooi & Sticht, en, Power se hoofstuk 6 getiteld "Seeing is believing: The force of the visual", Power, D.N. 1999, p. 178 - 208.

[13] Byvoorbeeld deur middel van beeldryke liturgiese voorstelle soos dié van BUVTON, vergelyk, Heyns, M. *et al.* (reds.). *Preekstudies met liturgiese voorstelle gebaseer op die leesrooster vir lidmate*. Stellenbosch: BUVTON, en beeldryke prediking, vergelyk, Cillers, J.H. 2002.

[14] Onder andere Horst Schwebel, Friedhelm Mennekes, Günter Rombold, George Pattison, Doug Adams, John Dillenberger, Diane Apostolos-Cappadona, ens. Dit lê buite die skopus van hierdie artikel om *in extenso* op die debat oor die verhouding tussen teologie en kuns in te gaan (Thiessen bied 'n goeie oriëntering in 2001: 213-222).

van beelde en/of metafore om hierdie proses uit te druk. In die teologie maak ons immers tog ook gebruik van beelde, simbole en metafore as ons oor God praat – hoe kan ons anders? Daar sou trouens gevra kon word of *alle* taal nie metafories is nie? Taal ver-beeld altyd. Veral taal wat oor God wil praat. Teologiese taal ver-beeld die openbaring van God. Dit kan egter op 'n beter of slegter wyse gedoen word. Wat nodig is - in die teologie en kuns – is *goeie, kreatiewe ver-beelding*, nie drogbeelde of sentimentele fantasie nie. Ons word trouens in ons beeld-oorlade samelewing ook gebombardeer met "slegte" beelde, met destruktiewe metafore. Hier moet kuns en teologie hande vat, aangesien dit in beide tog handel, of behoort te handel, oor die soeke na die waarheid en die sin van die lewe, wat op die beste wyse moontlik verbeeld moet word.

Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat hierdie verhouding of analogie nie een van meerderwaardigheid (teologie) teenoor minderwaardigheid (kuns) is nie. Kuns is nie 'n minderwaardige vennoot, 'n *ancilla theologiae*, wat bloot as addendum by, of illustrasie vir, die teologie moet dien nie. Kuns is ook voluit *locus theologicus*, wat hoegenaamd nie beteken dat die uniekheid van die openbaring in Christus in gedrang gebring word, of die basis van die Woord en Gees in ons (gereformeerde) denke oor die openbaring gerelativeer word nie. Inteendeel, dit word verdiep en verbreed, in dié sin dat dit aan ons 'n (opwindende!) bron bied om saam met ander *loci theologici* (byvoorbeeld die tradisie, kerkgeskiedenis en belydenisskrifte) die unieke openbaring van God in Christus en deur sy Gees, beter te verstaan en te beleef.[15] Thiessen (1999: 272 e.v.) wys byvoorbeeld in haar interessante navorsing oor (nie altyd eksplisiet Christelike, maar "goeie"!) Ierse kuns op 'n hele reeks *teologiese* temas wat in hierdie werke hulle as't ware aan jou opdring, en op 'n beeldryke wyse om nadenke en reaksie roep: skeppingsteologie, Christologie, eskatologie, die Triniteitsleer (!) etiese vraagstukke, ens.

3.1 Die dialoog tussen kuns en teologie

[15] 'n Interessante voorbeeld is die ervaring van Paul Tillich toe hy vir die eerste keer die skildery *Madonna with singing Angels* van Sandro Botticelli in Berlyn gesien het. Hy beskryf hierdie oomblik van "openbaring" as volg: *"Gazing up at it, I felt a state approaching ecstasy... something of the divine source of all things came through to me. I turned away shaken. That moment has affected my whole life, given me the keys for the interpretation of human existence, brought vital joy and spiritual truth. I compare it with what is usually called revelation in the language of religion. I know that no artistic experience can match the moments in which prophets were grasped in the power of the Divine Presence, but I believe that there is an analogy between revelation and what I felt... that moment of ecstasy has never been repeated."* (1987: 234-235)

Die dialoog tussen kuns en teologie hou bepaalde voordele vir die teologie in – en waarskynlik ook omgekeerd. Ons noem slegs – kortliks - enkeles:

- Dit help die teologie om die *konteks waarbinne dit opereer*, ernstig op te neem - of dit nou ‘n sogenaamde pre-moderne, moderne of postmoderne konteks is (vgl verder die “plasing” van die portrette in hierdie artikel). Dit herinner ons daaraan dat *alle teologie tegelykertyd ook antropologie* is, dat enige persepsie van God ook ‘n persepsie van jouself is, en omgekeerd (Tracy 1981: 429, 435).
- Dit help die teologie om *ander kontekste*, waarbinne dit nie opereer nie, maar waarskynlik behòòrt te opereer, beter te verstaan en in berekening te bring vir ‘n pluralistiese verryking van die belewenis van die evangelie, byvoorbeeld die kuns van, en oor, die gemarginaliseerdes van die samelewing. Hierdie multi-kontekstuele blootstelling kan help om die teologie te bewaar van ekslusiewe ideologieë en irrelevante binnegesprekke (vgl die reeks multi-kulturele foto’s aan die einde van hierdie artikel).
- Dit herinner die teologie aan haar *profetiese funksie*, deur òf self profeties op wanpraktyke (misdaad, oorlog, morele verval) te wys, òf self sò uitdrukking van hierdie praktyke te wees, dat dit as’t ware die profetiese mond van die teologie oopdwing. Kuns kan help om die etiese verantwoordelikheid van die teologie telkens weer op die palet van die teologie in te meng.
- Dit verskerp dus telkens die *hermeneutiese agterdog* wat daar in die teologie ten opsigte van die teologie self behoort te bestaan. *Kuns daag ons definisie(s) van die teologie uit*. Dit roep ons byvoorbeeld op om meer metafories, spelend en narratief met ons soeke na die waarheid om te gaan, en so ook teologie-deur-die-oë te beoefen. Om nie net tevrede te wees met lees en hoor nie, maar om ook die sien te betrek. Om, soos Luther al gesê het, jou oë in jou ore te sit! Trouens, om op ‘n holistiese wyse na die werklikheid te “kyk”, met al jou sintuie betrokke te raak by die profetiese, mistiese, estetiese en etiese dimensies wat deur kuns aan ons gebied word – dit is die ideaal. Dié soort teologie wat in dialoog met kuns kan ontstaan, sal ongetwyfeld ‘n teologie van waagstukke wees, heuristies en miskien soms spekulatief van aard. Immers, dit eksperimenteer met nuwe modelle, metafore en beelde (McFague 1987: xii). Dit sal egter ook ‘n relevante teologie wees, opwindend, inklusief, ‘n

bietjie tentatief, maar oop vir transformasie, vir mootlikhede om die verlede en tradisie, asook die hede, beter te vier, maar ook die toekoms beter te antisipeer. Dit is juis die rol van verbeelding: om skynbare teenstrydighede te transendeer, teenoorgesteldes bymekaar te bring en in ‘n kreatiewe jukstaposisie te plaas.

- In hierdie sin help kuns ook die teologie om *eskatologies* van aard te bly, deurdat dit op verrassende moontlikhede wys, op alternatiewe, op die noodsaak, maar ook haalbaarheid van transformasie. Kuns leer ons om dieper te kyk, om, in hierdie geval, iets van die immanente, maar ook transendente God raak te sien, iets van die spanning tussen ‘n *deus revelatus* en ‘n *deus absconditus* te beleef, en uit die hoop te leef wat hierdeur gebore word. Immers, ware (teologiese) kreatiwiteit is nie bloot tevrede met reproduksie nie, maar eerder met nuwe skeppinge, verrassende assosiasies – wat moed gee vir ‘n nuwe wêreld (vgl. Kearny 1994:14-18; ook Cilliers 1998: 96 e.v.).

Om bogenoemde verbande en dialoog tussen teologie en kuns vrugbaar te maak vir die onderwerp van hierdie artikel, kyk ons vervolgens na inkulturasie.

4. INKULTURASIE

Wanneer na die woord inkulturasie[16] (hier spesifiek ten opsigte van die liturgie), op ’n morfologiese vlak gekyk word, is dit dadelik opmerklik dat daar sprake is van “iets” wat “in” die kultuur gevoeg word. Dit is dan ook die juiste bedoeling van die woord, naamlik dat die liturgie in 'n kultuur gevoeg word, maar nie op 'n onkritiese wyse nie. Inkulturasie behels dat die liturgie gevier word op ’n wyse wat getrou is aan die betrokke gemeenskap se tradisie en konteks, en so elke afsonderlike kultuur respekteer. Lukken wys op die geskiedenis van die begrip[17] en kom dan by die volgende beskrywing van inkulturasie, “Zij werd een aanduiding voor de interactie of dialoog tussen evangelie en cultuur. Onder inculturatie verstaan men de dynamische relatie tussen de christelijke boodschap en de cultuur of beter nog: de culturen. Het

[16] Vir ’n uitgebreide studie van liturgie en inkulturasie, sien ook: Lukken, G. 1999, en vir 'n kort opsomming sien, Wepener, C.J. en Müller, B.A. 2001. 'Liturgiese kitsch?' - liturgiewetenskaplike verkenning van 'n gereformeerde ritueel. *NGTT* 42 nr. 3 & 4, p. 488 - 489.

[17] Sien, Lukken, G. 1996. “Inculturatie van die liturgie: theorie en praktijk” In: Lamberts, J. (red.). *Liturgie en inculturatie*. Leuven: Acco.

gaan om de voortdurende proces van wederzijdse en kritische interactie en assimilatie tussen beide"[18]. Die term kan dus met die eerste oogopslag misleidend wees, aangesien hier nie sprake is van 'n onkritiese invoeging van die Evangelie in 'n kultuur nie. Daarom is dit belangrik om altyd die dialogiese aard van inkulturasie in gedagte te hou. Volgens Van Tongeren[19] is dit juis op grond van hierdie sogenaamde wederkerige integrasie dat die begrip inkulturasie sigself afskei van ander begrippe soos enkulturasie, verinheemsing, aanpassing en akkommodasie. Dit gaan dus in essensie om 'n krities-wederkerige interaksie tussen kultus (liturgie) en kultuur.

Vir hierdie artikel is die krities wederkerige interaksie tussen die hedendaagse beeldkultuur, en die visuele kant van die gereformeerde liturgie van belang. Dít te same met die herwaardering van liggaamlikheid/sintuiglikheid binne die liturgie, en die vraag na die verbreding van die liturgiese skopus deur aan meer as net die ouditiewe aandag te gee in die kommunikasie van die Evangelie. Met ander woorde, die hedendaagse beeldkultuur kan die liturgie uitdaag om van sy goeie eienskappe te integreer. Net so behoort die Christelike liturgie die beeldkultuur uit te daag deur leemtes daarin uit te wys.

Vervolgens sal die portrette van dominees wat teen die wande van die konsistories van die NG Kerk en Teologiese Seminaries in Suid-Afrika pryk as bron oopgemaak word. Hierdie kort opmerkings met betrekking tot die relasie tussen kuns en teologie, liturgiese inkulturasie en liggaamlikheid sal deurgaans in hierdie verkenning toegepas word op die bron.

5. PORTRETTE TOE

In sy boek getiteld *Heiligen, Idolen, Iconen*[20], verken die Nederlandse historikus Willem Frijhoff die rol wat mense as voorbeelde uitoefen op die vorming van ander mense. Benewens vele sekulêre populêre voorbeelde van mense was die voorbeelde wat hy gee van portrette van gereformeerde predikante as "iconen van bijbelse

[18] Ibidem
[19] Van Tongeren, L. 1996. De inculturatie van de liturgie tot (stil)stand gebracht?. *Jaarboek voor liturgie-onderzoek* 12, 164 – 186.
[20] Frijhoff, W. 1998. *Heiligen, idolen, iconen.* Nijmegen: SUN, p. 41.

spiritualiteit of ingetogen vroomheid"[21] verrassend gewees. Sy opmerking laat 'n mens onmiddellik dink aan menige Nederduitse Gereformeerde kerk se konsistorie, en by uitstek aan die portrette in die Teologiese Kweekskool van die Universiteit van Stellenbosch. Net soos in Europa is elke detail op hierdie portrette noukeurig uitgewerk. Neem as voorbeeld die eerste foto[22].

FOTO

Soos Frijhoff tereg opmerk word die kerklike kodes, die kleding, die houding, die gebare en selfs die haardrag, noukeurig in ag geneem. 'n Bestudering van hierdie portrette laat hom dan vra of hierdie Reformatoriese portrette nie 'n sosiale kompensasie was vir die beeldloosheid op die religieuse domein nie?

Ongetwyfeld 'n interressante interpretasie van hierdie portrette. 'n Bietjie van die baba en die se badwater is dus deur die Gereformeerdes herwin deur middel van hierdie portrette. Indien ons daaroor nadink is dit opmerklik hoe 'n groot rol hierdie 'beelde' gespeel het in die vorming van mense se religieuse identiteit en die tipe spiritualiteit van 'n kerk, en in hoe 'n mate hierdie portrette weerspieëlings is van die teologie/spiritualiteit van 'n betrokke tydvak en kerk[23]. Deels kan hierdie kompensasie ook verklaar word vanuit die gedagte dat dit 'n behoefte van mense is op die vlak van liggaamlikheid in hul godsdiens, spesifiek die visuele.

[21] Frijhoff, W. 1998, p. 41.

[22] Die seleksie van foto's bly altyd 'n subjektiewe aktiwiteit van die ondersoeker. Ten einde 'n mate van objektiwiteit binne een betrokke gemeenskap te probeer bereik, is slegs gebruik gemaak van foto's van een instansie te wete die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch, en foto's binne een land (Suid-Afrika). Vir meer aangaande metodologieë vir die analisering van visuele data en die geskiedenis *daaromtrent, vergelyk, Ball, M.S. en G.W.H. Smith. 1992. Analyzing Visual Data. Qualitative Research Methods Volume 24. Newbury Park/Londen/New Delhi: Sage Publications.*

[23] *Dit sal geldig wees om te vra in hoe 'n mate lidmate in kontak kom met hierdie portrette, aangesien die portrette hoofsaaklik net in konsistories hang? Eerstens kom lidmate natuurlik op 'n bykans daaglikse basis in aanraking met die mense wie afgebeeld of gefotografeer is. Tweedens vergader kerkrade ten minste eenmaal per week in die konsistorie omring deur hierdie beelde, hetsy vir 'n vergadering of vir gebedsbyeenkomste. Derdens word daar in baie gereformeerde kerke liturgiese byeenkomste soos bidure in die konsistorie gehou. Laastens kan ook opgemerk word dat predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende hulle teologiese opleiding vir ses jaar lank met hierdie beelde saamleef.*

Ten einde hierdie portrette op 'n meer wetenskaplike wyse te bestudeer, moet 'n aantal etnografiese vrae aan 'n foto gestel word[24]. Vrae soos wat was die kleredrag van predikante in daardie periode, wat was die gangbare haarstyl (vir dominees), hoe het fotografiese posering daar uitgesien, en dies meer. Hierdie etnografiese vrae beantwoord 'n foto by uitstek goed, omdat dit objektief weergee wat voor die lens was. Benewens hierdie etnografiese data, is daar ook sekere mites wat skuilgaan agter sekere foto's[25]. 'n Boodskap wat deur die fotograaf, of dalk deur die opdraggewer, oorgedra wil word. Sou ons kan spekuleer dat die mite onderliggend aan hierdie dominee-potrette 'n sekere spiritualiteit, 'n sekere teologie, selfs 'n sekere kultuur is wat die fotograaf of opdraggewer wil verkoop? Poog hierdie foto's om 'n begeerte te ontlok by die aanskouer, 'n begeerte om só 'n Bybelse vroomheid soos uitgebeeld deur die portrette te kan bereik? Probeer hierdie beelde die lidmaat trek na die Bybel, na Bybelse kennis en deur dié kennis na kennis van God? Volgens Fleming[26] het die Reformasie (spesifiek Luther) se heroriëntering van godsdiens op die meer subjektiewe, persoonlike en individuele kant, die ontwikkeling van portretkuns aangehelp.

PORTRETTE VAN LUTHER EN CALVYN

Soos Barthes dit telkens stel, alle foto's is toevallig. "Since every photograph is contingent (and thereby outside of meaning), Photography cannot signify (aim at generality) except by assuming a mask"[27]. Dan is daardie masker deel van die betekenis. En dit is presies wat hierdie dominee-portrette by uitstek goed doen, te wete maskering. En dit is hierdie maskers wat geanaliseer moet word om uit te vind presies wat die mite onderliggend aan die portret is, asook wat die belangrike of belangrikste Christelike deugde in 'n bepaalde periode was.

[24] *Vergelyk, Barthes, R. 1980, p. 30.*
[25] *Vergelyk, Barthes, R. 1980, p. 28.*
[26] Vergelyk, Fleming, W. 1995. *Arts & Ideas.* Ninth Edition. Orlando: Harcourt Brace College Publishers, p. 338 - 339.
[27] Barthes, R. 1980, p. 34.

6. PORTRETTE NOU

Onvermydelik (of dalk net uit blote nuuskierigheid) is die volgende vraag, wie vandag se geestelike rolmodelle is? Hoe lyk 'n portret van 'n gereformeerde ikoon teen die jaar 2003? Watter bydrae het dit op die spirituele vorming van lidmate? En wat weerspieël dit ten opsigte van die huidige teologie en spiritualiteit van die betrokke gemeente?

Ten einde hierdie vrae te probeer beantwoord kan ons weer van dieselfde bron gebruik maak, maar nou net die mees resente portrette van gereformeerde geestelikes. Hoe hulle uitgebeeld word sal in 'n groot mate verklap watter tipe spiritualiteit hulle voorstaan, asook die spiritualiteit van die betrokke gemeente. Dit is egter belangrik om hier in ag te neem dat die konvensies ten opsigte van fotografie, en veral ook portret-fotografie baie verander het. Verder het die ontdekking van kleurfilms ook 'n bepaalde invloed op hoe die kyker die ouer en nuwer portrette waarneem. Die etnografiese verskille is voor die hand liggend, soos kleredrag en haarstyle. Desnieteenstaande gaan daar steeds in hierdie detail ook boodskappe/mites skuil wat blootgelê kan word. Die tweede reeks foto's, bylaag B, sê self meer as wat aangaande hulle gesê kan word. Wanneer ons nou meer resente foto's kyk en hulle in jukstaposisie plaas met die voriges, is die verskille en ooreenkomste opmerklik[28].

RESENTE FOTO VAN 'N DS.

7. TOE EN NOU

Eerstens die aanwesigheid van 'n glimlag by die nuwere geslag, teenoor die strakke uitdrukkings van die ouer predikante. Opmerklik meer tande is sigbaar by die nuwere geslag, en die gereformeerde spiritualiteit kry met verloop van tyd 'n al vriendeliker

[28] In 'n artikel waar hy self foto's as bron vir teologisering aanwend, noem Paul Post een stuk analitiese gereedskap vir die gebruik van foto's die onderskeid tussen 'n deskriptiewe/identifiserende fase en 'n interpretatiewe fase. Post, P. 1995. "An excellent game…": On Playing the Mass. In: Caspers, Lukken en Rouwhorst (reds.). *Bread of Heaven. Customs and Practices surrounding Holy Communion. Essays in the History of Liturgy and Culture.* (=Liturgia Condenda 3). Kampen: Kok Pharos Publishing House, p. 186 – 187. In hierdie artikel sal die deskriptiewe fase telkens onmiddelik gevolg word deur die interpretatiewe fase.

gesig. So kan ons sien hoe die rol van die dominee as strenge gesagsfiguur mettertyd versag. Die nuwere dominees lyk op die oog af baie meer toeganklik vir die gewone lidmaat.

'n Tweede aspek, en seker ook die mees opvallende een, is die kleredrag in die foto's wat bestaan uit togas, beffies, wit strikdasse, swart pakke, wit dasse, gekleurde pakke en gekleurde dasse. Volgens Uytenbogaart[29] stuur mense deur hul kleding seine uit, sê hulle iets oor hulself en die situasie waarin hulle ander ontmoet. So byvoorbeeld verwys die swart toga van die kerke van die Reformasie na die akademiese status van die predikant, en word daar 'n sekere aksent gelê op die rol van die leraar. Daarom is dit betekenisvol dat togas en beffies plek gemaak het vir swart pakke en wit dasse, wat weer op hulle beurt terug gestaan het vir kleur (en dit is nie alleen as gevolg van die gebruik van kleurfilms in kameras nie). So sien ons hoe daar saam met die glimlag, ook kleur die gereformeerde portretkuns binnegesluip het vanweë veranderinge binne die teologie en kultuur.

Benewens hierdie twee aspekte het die dominees en doktore se persoonlike toilet ook verander saam met die modes van hulle tyd (of was dit saam met die spiritualiteit van hulle tyd?). Die lang 'Calvinistiese' baarde en hare/pruike moes algaande plekmaak vir 'n gladgeskeerde generasie 'Billy Grahams'. Soos Marshall MacLuhan tereg opgemerk het, "The medium is the message"[30]. Sonder dat enige van hierdie predikante nog 'n woord gesê het, is vir 'n groot deel hulle teologie alreeds afleibaar vanuit hulle voorkoms. So byvoorbeeld is die ouer portrette meer opvallend gesaghebbende figure met prominente rolle as religieuse leiers. Laasgenoemde portrette is duidelik gemaak binne 'n "dominees – kerk"/verkondigingsmodel, teenoor glimlaggende gladgeskeerde fasiliteerders binne 'n liggaamsmodel[31]. Die leer van die priesterskap van alle gelowiges het dus moontlik in die tyd van die ouer predikante minder tot sy reg gekom het as in die tyd van die nuwere geslag predikante.

---

[29] Uytenbogaart, H. 1998. Symbool en rite. In: Oskamp, P. en N. Schuman (reds.). *De weg van de liturgie. Tradities, achtergronden, praktijk.* Zoetermeer: Meinema, p. 374 & 375.

[30] Sien, McLuhan, M. en Q. Fiore. 1967. *The Medium is the Message. An Inventory of Effects.* Harmondsworth: Penguin Books.

[31] Die leraarsamp is die amp waarom alles in die verkondigingsmodel draai, terwyl die leraar in die liggaamsmodel eerder toerus, inisieër, fasiliteer en koördineer. Hendriks, J. 1992. *Strategiese Beplanning in die Gemeente. Die Beginsels & Praktyk Van Gemeentevernuwing.* Wellington: Hugenote-Uitgewers, p. 21 & 26.

Daar is ook religieuse rekwisiete by die ouer generasies aanwesig soos 'n kanselbybel, terwyl dit totaal afwesig is by die jonger geslag predikante. Sê dit dalk vir ons iets van die rol en plek van die Skrif binne ons tradisie toe en nou, of is dit blote toeval?[32] Verder is al die portrette, portrette van mans, en veral ook wit mans. Die kerk bevind haarself dus nog duidelik binne 'n (wit) patriargale samelewing, en die visuele boodskap wat vanaf die portrette uitgaan versterk daardie stand van sake. Stuit ons dalk hier op 'n rede waarom Maria so 'n belangrike rol, ook visueel, vervul in sommige ander Christelike denominasies? Watter vroulike beeldmateriaal bied moeder Afrika en die Bybel ons vir inkulturasie?

8. NOU TOE NOU

FOTO FINALEJAARSKLAS 1996

'n Interessante voorbeeld van 'n foto wat 'n doelbewuste poging is om die tradisionele gesaghebbende siening te dekonstrueer is die foto van die finalejaarsklas van 1996 aan die Kweekskool (Universiteit Stellenbosch). Met 'n eerste kyk is dit alleen maar 'n klomp stuitige studente. Desnieteenstaande neem hulle stuitigheid 'n baie spesifieke vorm aan - hulle rebelleer op 'n speelse wyse teen iets spesifieks. Deur middel van hulle posering en maskering met behulp van swart en wit fotografie, outydse kleredrag, en ander rekwisiete is die foto as 'n komposisie 'n doelbewuste sinspeling op die ouer foto's van studente wat teen die mure van die Kweekskool pryk. Hierdie foto uit 1996 wil doelbewustelik krities (satiries) kommentaar lewer op die siening van dominees as gesaghebbende figure in die samelewing.

Dit is dan ook nie toevallig dat hierdie foto uit die post-apartheid Suid-Afrika dateer nie[33]. Die foto is geneem slegs twee jaar na die eerste demokratiese verkiesing, 'n verkiesing wat ook die noue verbondenheid van NG Kerk en regerende party die finale nekslag toegedien het. Dit is 'n era waarin die tradisionele swartpak-wit-das-

[32] Hierdie verskynsel is meer prominent by die portrette van die Kweekskool op Stellenbosch waar dit uiteraard ook meer betekenisvol is ten opsigte van die rol van die Skrif in die Gereformeerde teologie in Suid-Afrika.

[33] Daar is altyd 'n onvermydelike samespel tussen kultus (liturgie) en kultuur. Verder funksioneer hierdie portrette dikwels op 'n para-liturgiese wyse (byvoorbeeld bidure in die konsistorie) en is hulle ook produkte van die omringende kultuur. Vir meer oor hierdie wisselwerking sien, Barnard, M. 2001. "Dynamiek van cultus en cultuur". In: Barnard, M. en P. Post (reds.). *Ritueel bestek. Antropologische kernwoorden van de liturgie*. Zoetermeer: Meinema.

dominee 'n argaïese simbool van die ou bedeling geword het, 'n "image" waarteen hulle hulself wil afgrens. 'n Beeld waarvoor hulle skaam geword het. 'n Beeld wat jou assosieer met die boewe, die booswigte wat apartheid teologies begrond het. En 'n kerk wat steeds verdeel is op grond van ras.

9. DIE PORTRETTE PRAAT

Al hierdie opmerkings en afleidings vanuit die portretkuns van die Nederduitse Gereformeerde Kerk laat 'n mens onwillekeurig vra watter rol hierdie portrette speel ten opsigte van die vorming van lidmate. Self is die ondersoeker van oortuiging dat hulle wel 'n groot rol speel as visuele kommunikasie middele, veral in so 'n visueel arm tradisie soos die van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Met ander woorde, indien dit al is wat te sien is, dan gaan dit by uitstek 'n invloed uitoefen. En verder is die portrette afbeeldings van hoe die predikante (dikwels) visueel daar uitsien, veral ook in die liturgie waar hulle die visuele middelpunt is[34]. Indien ons aanvaar dat die foto's wel 'n rol speel, en dit naas die Skrif, is dit dalk tyd vir ikonoklasme. Die ander opsie is egter inkulturasie, deur die Bybel en die gereformeerde portretkuns met mekaar in gesprek te laat tree, om sodoende hierdie behoefte aan die visuele binne die domein van godsdiens en die liturgie optimaal te benut.

Indien Willem Frijhoff dus reg is wanneer hy beweer dat die portrette van gereformeerde predikante 'n kompensasie was op die beeldloosheid van die Reformasie, is dit ook vanuit die gereformeerde portertkuns duidelik dat die visuele 'n basiese behoefte is van Christene in hulle godsdienstige belewing. Daarom kan na lidmate se geestelike behoeftes omgesien word en moeite gedoen word met die gereformeerde portretkuns, en tergelykertyd kan die betrokke kerk ook haar teologie daarin spieël.

10. TEN SLOTTE

[34] Gedurende deelnemende observasie in verskeie NGK- en VGK-gemeentes in en rondom Kaapstad tussen 2001 en 2003, het een vrou wie se lidmaatskap oorgekom het van die Anglikaanse Kerk na die NG Kerk die volgende opmerking gemaak: "I used to be an Anglican, but came over to your church when I got married. But what amazed me most, was the fact that when you walked into the church on a Sunday, all you saw, right there in the middle, instead of Jesus or the cross, the dominee!."

'Gesien' vanuit die belangrikheid van liggaamlikheid binne die liturgie, is dit verstaanbaar dat so 'n visuele kompensasie, soos gevind in die portretkuns binne die gereformeerde tradisie, kon ontstaan. Dit dui op 'n basiese godsdienstige behoefte van mense, naamlik die behoefte aan die visuele binne die domein van godsdiens. Dit is daarom noodsaaklik dat liturgiese inkulturasie binne die hedendaagse beeldkultuur moet plaasvind, asook inkulturasie ten opsigte van die spesifieke teologie wat die portrette maskeer. Daar moet eerstens veel meer aandag gegee word aan visuele media in die kommunikasie van die Evangelie binne die NG Kerk. Tog bestaan daar huidiglik 'n mate van diskrepansie tussen die boodskap wat uitgaan vanaf die gereformeerde portrette, en die teologie wat binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk gepropageer en aan studente geleer word. Indien die visuele en mense wel so 'n groot invloed op ander mense uitoefen as voorbeelde, is dit tyd dat die gereformeerde ikone teen die wande van ons konsistories en ander *loca sancta* in Suid-Afrika 'n multikulturele gesig kry wat sprekend is van diversiteit ten opsigte van ras, klas en geslag. Portrette wat doelbewus 'n teologie van versoening maskeer. Hier is dus 'n (gereformeerde) visuele kommunikasie medium wat optimaal benut en geïnkultureer moet word. Soos Luther tereg met afkeur sy oorywerige volgelinge wat ikonoklasme beoefen het gewaarsku het, "Dit is nie nodig om die Heilige Gees vere en al in te sluk nie!".[35]

MULTIKULTURELE FOTO'S

[35] Fleming, W. 1995, p. 338.

BIBLIOGRAFIE

Babin, P. 1991. *The New Era in Religious Communication*. Minneapolis: Fortress Press.

Ball, M.S. en G.W.H. Smith. 1992. *Analyzing Visual Data.* Qualitative Research Methods Volume 24. Newbury Park/Londen/New Delhi: Sage Publications.

Barnard, M. 2001. "Dynamiek van cultus en cultuur". In: Barnard, M. en P. Post (reds.). *Ritueel bestek. Antropologische kernwoorden van de liturgie.* Zoetermeer: Meinema.

Barnard, M. en C.J.A. Vos. 2001. "'n Besinning oor die liturgie. Teorievorming, ondersoek en praktykvorming". *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16/2, 17 - 32.

Barthes, R. 1980. *Camera Lucida. Reflections on Photography.* Vertaal in Engels deur Richard Howard. New York: Hill and Wang.

Burger, C.W. 2002. "Nagmaal in die NG Kerk - tussen tradisie en vernuwing. Deel 3." *NGTT* vol. 43 nr. 3 & 4.

Cilliers, J.H. 2002. "Prediking as ver-beelding: moontlikhede vir eietydse verkondiging".

Cilliers, JH 1998. *Die uitwysing van God op die kansel. Inspirerende perspektiewe op die prediking – om God te sien an ander te lààt sien.* Kaapstad: Lux Verbi.

De Gruchy, J. 2001. "The Future of the Reformed Churches in South Africa. Some Random Notes and Reflections". *Scriptura* 76,

Dijkstra, K. 1982. *Christelijke symbooltaal.* Baarn: Bosch en Keuning nv

Dingemans, G.D.J. 1996 . *Manieren Van Doen. Inleiding tot de studie van de Praktische Teologie.* Kampen: Uitgeverij J.H. Kok.

Fleming, W. 1995. *Arts & Ideas.* Ninth Edition. Orlando: Harcourt Brace College Publishers.

Frijhoff, W. 1998 . *Heiligen, idolen, iconen.* Nijmegen: SUN.

Harper, D. 1994 . On the Authority of the Image. In: Denzin, N.K. en Y.S. Lincoln (reds.). *Handbook of Qualitative Research.* Thousand Oaks/Londen/New Delhi: Sage Publications.

Hendriks, J. 1992 . *Strategiese Beplanning in die Gemeente. Die Beginsels & Praktyk Van Gemeentevernuwing.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Heyns, M. *et al.* (reds.). *Preekstudies met liturgiese voorstelle gebaseer op die leesrooster vir lidmate*. Stellenbosch: BUVTON.

Kearny, R 1994. *The Wake of Imagination. Toward a postmodern culture.* London: Routledge.

Lukken, G. 1974. "De liturgie als onvervangbare vindplaats voor de theologie". In: Berger H.H. *et al* (reds.). *Tussentijds. Theologische Faculteit Tilburg. Bundel opstellen bij gelegenheid van haar erkenning.* Tilburg: Hart van Brabant Uitgeverij.

Lukken, G. 1990 . *Liturgie en Zintuiglijkheid, Over de betekenis van lichamelijkheid in de liturgie.* Hilversum: Gooi & Sticht.

Lukken, G. 1999 . *Rituelen in overvloed. Een kritische bezinning op de plaats en de gestalte van het chtistelijke ritueel in onze cultuur.* Baarn: Gooi & Sticht.

McFague, S 1987. *Models of God. Theology for an Ecological Age.* Philadelphia: Fortress Press.

McLuhan, M. en Q. Fiore. 1967. *The Medium is the Message. An Inventory of Effects.* Harmondsworth: Penguin Books.

Mulder, A. en T. Scheer (reds.). 1996 . *Natuurlijke liturgie.* (=Liturgie in perspectief 6). Baarn: Gooi & Sticht.

Post, P. 1995 . "An excellent game…": On Playing the Mass. In: Caspers, Lukken en Rouwhorst (reds.). *Bread of Heaven. Customs and Practices Surrounding Holy Communion. Essays in the History of Liturgy and Culture.* (=Liturgia Condenda 3). Kampen: Kok Pharos Publishing House, p. 185 – 214.

Power, D.N. 1999 . *Sacrament, The Language of God's Giving*. New York: The Crossroad Publishing Company.

Thiessen, GE 1999. *Theology and Modern Irish art.* Dublin: The Columbia Press.

Thiessen, GE 2001. Exploring a *Locus Theologicus*: Sacramental Presence in Modern Art and its Hermeneutical implications for Theology. In *The Presence of Transcendence*. Ed Lieven Boeve and John C. Ries. Leuven: Peeters Press: 213-222.

Tillich, P 1987. "One moment of beauty". *In On art and Architecture*. Ed John and Jane Dillenberger. New York: Crossroad.

Tracy, D 1981. *The Analogical Imagination. Christian Theology and the Culture of Pluralism.* London: SCM.

Uytenbogaart, H. 1998 . Symbool en rite. In: Oskamp, P. en N. Schuman (reds.). *De weg van de liturgie. Tradities, achtergronden, praktijk.* Zoetermeer: Meinema, p. 371 – 378.

Van der Leeuw, G. 1949 . *Sacramentstheologie*. Nijkerk: Callenbach.

Wegman, H.A.J. 1991. *Riten en mythen. Liturgie in de geschiedenis van het christendom*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

Wepener, C.J. 1998. *Simbool en idool. 'n Ondersoek na die begrippe simbool en idool en die waarde van fisiese simbole in die gereformeerde liturgie in 'n postmoderne samelewing.* BD-skripsie: Universiteit van Stellenbosch.

Wepener, C.J. 2002a. "Nagmaal in die NG Kerk - tussen tradisie en vernuwing. Dele 1 & 2." *NGTT* 43 3 & 4.

Wepener, C.J. 2002b. "The object and aim of multidisciplinary liturgical research." *Scriptura*

Wepener, C.J. en Müller, B.A. 2001. 'Liturgiese kitsch?' - liturgiewetenskaplike verkenning van 'n gereformeerde ritueel. *NGTT* 42 nr. 3 & 4, 480 - 493.